

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 33

4 Oktober 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

VIERDE KWARTAAL
Welkom terug vir hierdie laaste kwartaal van 2019. Ons glo dat elke leerling tydens die afgelope vakansie goed uitgerus het. Sterkte met hierdie kort, dog besige 4de kwartaal en onthou om julle beste te gee op akademiese-, sport– en kultuurgebied.

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Abigail Herselman in graad 5S en haar familie met die heengaan van haar pappa gedurende die week. Mag hulle as familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

OUERAAND
U het reeds ‘n brief waarop u moes aandui hoe laat u die klasonderwyser/es, Maandag, 7 Oktober wil sien, ontvang. Die bevestigings van die tye vir die afsprake is reeds aan u teruggestuur. Onthou asseblief om die belangrike geleentheid by te woon.

Van u het die brief saam met die rapport ontvang om die onderwysers te kom sien. Dit is van uiterste belang dat u van die geleentheid gebruik maak om probleemareas met betrokke onderwyser aan te spreek. Enige ander ouer is meer as welkom om ons te kom spreek as daar iets is wat pla of as u sommer net vir die personeel vir hulle harde werk wil dankie sê.

VOORKOMS VAN ONS LEERDERS
Dit het onder my aandag gekom dat sommige van ons leerders in die middae gesien word, geklee in skoolklere maar nie volgens die skoolreëls nie. Onthou asseblief dat so lank 'n kind sy/haar skooldrag aan het, ALLE skoolreëls van toepassing is.

Dankie vir u ondersteuning in hierdie verband.

PAKKIES
Die sekretaresses word oorval met versoeke van ouers om pakkies vir hul kinders te gee. U moet asseblief seker maak dat u alles wat u kind die volgende dag nodig het, inpak.

DAMESTEE : 12 OKTOBER 2019
Kaartjie verkope vir ons jaarlikse damestee wat op Saterdag, 12 Oktober om 10:00 in ons skoolsaal gaan plaasvind, vorder fluks. Ons is baie opgewonde om die bekende akteur, Ramey Short van Binnelanders-faam, as die gasspreker by ons te verwelkom. Kaartjies is steeds by Mev. Laas in die kantoor sowel as ons gasvrouens teen R120 per persoon beskikbaar.

KWARTAALPROGRAM
Die kwartaal se datumlys is op die skool se kommunikeerder geplaas. Daar is veranderinge aangebring op die een wat aanvanklik geplaas was. Bestudeer dit asseblief deeglik en maak seker dat u kind se aktiwiteite so tussen al die sport, kultuur en akademiese verantwoordelikhede nie deurmekaar loop nie.

TENNIS: OUER-EN-KIND-AAND
Vanaand “slaan” ons weer af met ons ouer-en-kind-tennisaand wat elke eerste Vrydag van die maand, om 18:00 onder ligte by die sportveld gehou word. Soos vantevore sal kos en koeldrank te koop wees. Hierdie geleentheid was sover elke kwartaal baie goed ondersteun en ons sien uit daarna om hierdie kwartaal weer ‘n hele rits paartjies op die “baan” te verwelkom.

2020 BEGROTINGSVERGADERING: 17 OKTOBER 2019
Ons herinner u aan die 2020 begrotingsvergadering wat op Donderdag, 17 Oktober 2019, om 17:30 in die skoolsaal gehou sal word. (Die kennisgewingsbrief van die begrotingsvergadering is alreeds op Donderdag, 12 September aan u kind gegee).

Tydens hierdie ouervergadering sal die voorgestelde begroting vir 2020 aan u voorgelê word vir oorweging en goedkeuring, met of sonder wysiging.

Enige ouer of wettige voog van leerlinge in die skool het die reg om die vergadering by te woon. Die begrotingsdokumente is reeds vanaf 1 Oktober by die kantoor ter insae beskikbaar.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2019
Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde, so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se naam en van verskaf.
'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

Neem ons hande, Here, lei ons tree vir tree deur hierdie kwartaal –
herinner ons dat ons nie alles wat ons wil, kan doen nie,
en dit nog minder perfek kan doen.
Net u is volmaak,
en net met U hulp kan ons ons beste doen.
Herinner ons daarom om al ons hulp by U te soek.
Verwerking van Avery Brooke se woorde

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 084693531

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 7 Oktober	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00** Ouerbesoekaand – geen sport/wedstryde vandag
Di – 8 Oktober:		Krieket: 0/9A+B teen Parsons Hill **(t)** Kuns graad R – 2: **13:30 – 14:30** Kuns graad 3: **14:00 – 15:00** Kuns graad 4 – 7: **14:15 – 15:00** Skaak: graad 1 – 2: **13:30 – 14:15** Skaak: graad 3 – 7: **14:20 – 15:15** Finansiële komitee vergadering : **16:30**
Wo – 9 Oktober	:	Klerewinkel: **12:00 – 14:30** Krieket: 0/13A teen Verkenner **(t)**
Do – 10 Oktober	:	Krieket: 0/11A teen Sunridge Park **(t)** Dance Kids-ballet graad R: **13:15**
Vr – 11 Oktober	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00** Eko-Newtons GEEN drama NETBAL: 0/12A – Oefen-kliniek by Collegiate **14:00 – 16:30**
Sa – 12 Oktober	:	**Damestee – Ramey Short** NETBAL: 0/12A – Oefen-kliniek by Collegiate **08:00 – 11:30**

SPORT & KULTUUR

OOS-KAAP BERGFIETSRY SKOLE MERIETE TOEKENNING

Twané Basson in graad 3B het vir 'n merietesertifikaat vir bogenoemnde gekwalifiseer. Sy gaan dit gedurende die prysuitdeling in November ontvang. Baie geluk!

SA TENNIS-TOERNOOI : CRADOCK

Kayden du Toit in graad 4S het die naweek van 21 - 22 September aan die SA Tennistoernooi in Cradock deelgeneem. Hy het vir die seuns silwerspan in sy ouerdomsgroep 0/12 'n 6de plek behaal. Baie geluk!

OOS-KAAP JUNIOR KINDERKOOR

Baie geluk aan Lee-Ché Gouws in graad 3B wat na afloop van haar oudisie tot die Oos-Kaap Junior Kinderkoor verkies is.

SWEM : AQUABEAR GALA

Jéan Kolesky in graad 7E het die afgelope vakansie vanaf 22 – 26 September 2019 aan die Aquabear Gala deelgeneem en het die volgende plekke in sy uitdunne behaal:

50m Rugslag : 1ste plek in sy uitdunne
50m Borsslag : 4de plek in sy uitdunne
50m Vlinderslag : 3de plek in sy uitdunne
200m IM : 1ste plek in sy uitdunne
100m Borsslag : 2de plek in sy uitdunne
100m Vryslag : 1ste plek in sy uitdunne
200m Free Relay : 1ste plek – goue medalje
200m Medley Relay : 1ste plek – goue medalje
Baie geluk!

LAERSKOOL NEWTONPARK

BEHEERLIGGAAMSPOSTE 2020

Pos 1
Nasorgpersoon (Gr. 4 – 7)
Iemand met ervaring of Unisa Onderwysstudent

Pos 2
Grondslagfase
Opvoeder: graad 1 tot 3

Pos 3
Intermediêre/senior fase
Opvoeder: Wiskunde en Afrikaans Huistaal en Rekenaaronderrig

Taal van onderrig: Afrikaans
Meld buitemuurse ervaring.
(Benodig atletiek-, netbal-, krieket-, tennis en rugby-afrigters)

Sluitingsdatum: 4 Oktober 2019
Stuur aansoek aan:
Die Skoolhoof, Laerskool Newtonpark,
Posbus 7113, Newtonpark, Port Elizabeth
OF
Faks na: 041 – 3652586
OF
e-pos na: skoolhoof@lnpark.co.za
Navrae: 041 – 3651233

- Slegs persone wat na die onderhoud genooi word sal gekontak word.
- **Die persone wat genooi word vir die onderhoud, moet 'n polisie klaringsbewys indien by die onderhoud.**
- **Die beheerliggaam behou homself die reg voor om nie die pos te vul as 'n geskikte persoon nie gevind word nie.**